# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 188 19 Maart 2021




In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Normatiewe normaal?**

Daar was in die afgelope jaar by meer as een geleentheid aandag geskenk aan die saak van normaliteit. Op een stadium is verwys na die "nuwe normaal". Die feit dat daar hier weer aan die saak aandag gegee word, wys op die probleme waarmee die uitdrukking "*normaal*" ons konfronteer. Die WAT definieer normaal as volg: *normaal b.nw., normale; normaler, normaalste of soms meer normaal, mees normale. Volgens die aanvaarde norm, soos die gewone, die natuurlike, die reëlmatige of wat verwag word, of wat tipies is v.d. meerderheid van gevalle; soms sinoniem met natuurlik*.

Die konsep word wyd gebruik, maar nie oral dieselfde verstaan nie. In die natuurwetenskappe is die betekenis inhoud van die term redelik staties indien ons "natuurlik" met "normaal" bedoel. Die probleem is dat "normaal" 'n relatiewe konsep is. Dit is konstant besig om te verander na mate omstandighede verander. Wat vandag as normaal beskryf word, was in die verlede uitsonderlik of dalk selfs as bizar gesien. Die sosioloog, die teoloog en die psigoloog se verstaan van "normaal" verskil.

Om dan van die "nuwe normaal" te praat, is toutologie, 'n onnodige opeenstapeling van terme; die betekenisinhoud van "normaal" is konstant besig om te verander. Elke dag se "normaal" is in hierdie konstante verandering nuut. Daarmee saam beteken die term nie oral dieselfde nie en kan ons nie werklik 'n objektiewe definisie daarstel wat almal tevrede sal stel nie.

Tot hier het die betoog gestuur in die rigting van altyd nuut. En tog is dit nie die volle waarheid nie. Die volle waarheid sal ons in hierdie bedeling ontwyk, en tog telkens nader roep. Daar is 'n groot komponent van "normaal" wat konstant is, wat nie as manipuleerbare element te verstaan is nie. Dit is asof "normaal" organies verander of organies groei. Neem nou maar die Tweede Wêreld-oorlog as voorbeeld. Weens die aard van die oorlogvoering moes mense hul lewens aanpas; kinders in Engeland is na die platteland gestuur, daar was 'n aandklokreël, vensters moes verdonker word en vele meer. Selfs na vier jaar van oorlog sou 'n mens wou raai dat daardie bestaanswyse die "nuwe normaal"

sou wees. Die teendeel is egter hier die waarheid: mense het terug beweeg na 'n styl van lewe wat herinner het aan die jare voor die oorlog.

Diegene wat hulself in die sosiale verandering instel en poog om gemeenskappe te manipuleer (*social engineering*), stuit telkens voor hierdie geneigdheid om na 'n beter bestaan terug te keer. Daar sal altyd diegene wees wat die nuwe kunsmatige verandering omhels (lees die Engelse nuwe term "*woke*" hier in), maar die meerderheid van mense neig terug na dit waarmee hulle tuis voel. Dit sal daarom nie verbaas indien daar in die nabye toekoms 'n terugkeer na "voorheen" is nie.

Die sosiale ingenieurs moet maar kennis neem van die wispelturige aard van "normaal". Ons kinders kan hulself nie 'n bestaan sonder selfone indink nie. Ons kan nog onthou van slinger telefone en plaaslyne (net vir terg; gister se plaaslyn is vandag se *facebook*). Dit wil lyk asof sekere veranderings - wat 'n beter gehalte bestaan moontlik maak - meer geredelik integreer word.

Die probleem met die Covid reëls is dat hulle teen ons natuur indruis. Ons is mens deur ander mense - fisiese afstand is nie in ons DNS nie. Die sosiale ingenieurs verklap iets van hulle agenda (myns insiens) met hulle verwysing na "sosiale afstand". Maskers is vir speletjies soos "*cowboys en crooks*" en wegkruip - ons soek suurstof, ons het nodig om mekaar se hele gesig te kan sien, ons wil vars suurstof inasem. So ook is Erediens, Nagmaal en Doop deel van die uitlewe van ons geloof - ons moet die Here meer gehoorsaam wees as die owerhede.

Dit is teen hierdie agtergrond gerade om nie enige gedrag of optrede as "normaal" te beskryf nie -nuut of oud. Tyd sal ons leer waarheen ons gedrag en voorkeure ons lei.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### HOFGEDING

Hofgeding - Die eerste rondte van die hofsaak is steeds aan die gang. Die volgende sitting van die hof geskied op 29 Maart tot 1 April 2021. By hierdie geleentheid sal een saak op die rol wees; naamlik die *in limine* (op die drumpel) saak oor die *locus standi* (reg om te dagvaar) van die litigasiekomitee. Dit is waarop beide partye ooreengekom het in Oktober 2020.

### DIE BONDSVERGADERING

Die Bondsvergadering te Stilfontein wat beplan is vir 12-14 September 2021 gaan voort. Lidmate en gemeentes sal op datum gehou word insake reëlings, akkommodasie en ander nodige inligting.


### BEURSE

Volkshulp 2000
MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

Ons wag aansoeke in van behoeftige volksgenote vir die Volkshulp sowel as De Witt Meintjies beursfondse.
Sluitingsdatum: 30 April 2021
Aansoekvorms en navrae by: bestuur@volkshulp.org.za

**KOMMENTAAR OP DIE NGB**

Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. WhatsApp Yvette 072-223-7522 zyvetto@gmail.com om te bestel. Verstaan die daaglikse Oordenkings nog beter!




**PREDIKANTE BERAAD**

Die jaarlikse predikante beraad vind hierdie jaar te Meyerspark plaas soos per Bondsvergadering. Kollegialiteit (gelei deur ds., Frans en die Dordtse leerreëls (gelei deur dr Johan) gaan aan die orde kom. Gemeentes word versoek om die saak te ondersteun.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com






# Selfstandige Hervormde Gemeente Makwassie

Bied aan

## Jagkompetisie 2021



**Paket sluit in:**
1 x Blesbok en 1 x Springbok
3 Nagte verblyf vir maksimum 8 mense
Jag te Oersonskraal, Makwassie by Kosie Scheepers
Die bokke wat gejag kan word sal uitgewys word deur die eienaar.


**Trekking word gehou op 24 April 2021 waarna u telefonies in kennis gestel sal word.**

**SLEGS R 200 PER INSKRYWING!!!**



Bank:
FNB
SHG Makwassie
Tjek rek.: 62464426032
Tak: 240 638

Kontak:
Kosie Scheepers
083 285 9138


Wadrift
JAGPAKETTE
61 - 70
0041
Naam: ..............................
..........................................
Tel: ....................................
0041
MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN
'N KANS OM EEN VAN DRIE JAGPAKETTE TE WEN
1ste Prys:
• 1 x Blouwildebeesbul
• 1 x Rooibokram
• 1 x Blesbokram
• 2 x Aande se verblyf ingesluit. Eie kos en drinkgoed
2de Prys:
• 1 x Rooibokram
• 1 x Blesbokram
• 1 x Aand se verblyf ingesluit. Eie kos en drinkgoed
3de Prys:
• 1 x Rooibokram
• Geen verblyf, een dag se jag
Trekking:
22 Augustus 2021
Kontak Jan Erasmus
vir verdere besonderhede by
082 768 5686
• Indien daar nie n minimum van 250 kaartjies verkoop nie, behou die organiseerders hulle die reg voor om die kompetisie te kanselleer. In daardie geval sal daar by die aanbied van hierdie kaartjie R100 terug betaal word.
• Jagter is self verantwoordelik vir die verwerking van sy vleis.
• Die verblyf is ingesluit. Dit is 'n selfsorgeenheid.
• Eie kos en drinkgoed.
• 1ste Prys limiet 4 persone
• 2de Prys limiet 4 persone
• 3de Prys limiet 2 persone
• Wenners sal aangekondig word op die kerk se webblad, asook persoonlik gekontak word.